- Leë houers moet DRIE KEER UITGESPOEL word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houers daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer.
- Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk en vernietig die houers, deur gate in te kap en plat te slaan en doen weg daarmee op 'n veilige manier en moenie die leë houers vir enige ander doel hergebruik nie.
- Was en spoel spuitoerusting deeglik uit na gebruik en gooi die was- en spoelwater uit waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.

RELEVANTE STOWWE

Gevaarlike bestanddele Volgens UN GHS kriteria	CAS nommer	Konsentrasie (W/W)
3-Pyridinecarboxylic acid, 2-[4,5-dihydro-4-methyl-4-(1-methylethyl)-5-oxo-1H-imidazol-2-yl]-5-ethyl-	81335-77-5	9,35 %
Ethane-1,2-diol	107-21-1	< 10 %
Ammonia, aqueous solution	1336-21-6	< 3 %

NOODHULPBEHANDELING

Verwyder dadelik besmette klere

INDIEN IN DIE OË:	Spoel aangetaste oë vir ten minste 15 minute met lopende water, terwyl die ooglede oopgehou word.
INDIEN INGESLUK:	Spoel mond uit en drink 200 – 300 ml water.
INDIEN OP DIE VEL:	Was aangetaste area dadelik deeglik met seep en water
INDIEN INGEASEM:	Hou pasiënt kalm en verwyder na vars lug.

Behandeling: Behandel simptome (reinig, belangrikste funksies).

WAARSKUWING TEEN WEERSTAND

Hammer® is 'n HRAC Groepkode 2 Onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen Hammer®, of enige ander Groepkode 2 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur Hammer® of enige ander Groepkode 2 onkruidodders, beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders in dieselfde Onkruidodder-groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkengels van produkte in verskillende Onkruidodder-groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies), in onkruidodderprogramme.

VIR SPESIFIEKE INLIGTING OOR WEERSTANDBESTUUR KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER, BASF SA (Edms) Bpk.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Vermoed die toediening van Hammer® op suurgronde, met pH (KCl) onder 5,0.
- Moenie die na-opkomsbehandeling op gronde toedien wat minder as 15% klei bevat nie.
- Moenie meer as 700 ml Hammer® per seisoen op 'n land toedien nie.
- Wanneer Hammer® as 'n na-opkoms onkruidodder op die gewas toegedien word, mag die gewas behandel word enige tyd na die ontwikkeling van die derde drieledige blaar, maar vóór blomvorming.
- Vermoed na-opkoms toediening van Hammer® op plante wat onder stremming verkeer deur faktore soos droogte, aalwurms besmettings, siektes, voedingstekorte, of plante wat onder stremming verkeer deur 'n ander onkruidodder wat vroeër toegedien is.
- **MOENIE Hammer®** op die sojaboontkultivar PAN 717 as 'n na-opkomsbehandeling toedien nie.

- Wanneer 'n diep tussen-ry skoffel benodig word om die grond te belug VOOR die na-opkomsbehandeling toegedien is, dan kan **Hammer**[®] onmiddellik na die skoffel toegedien word, óf enige tyd binne 14 dae na skoffel, op voorwaarde dat die gewas nog nie begin blom het nie. Verdere vlak tussen-ry skoffels mag wel nog uitgevoer word.

WAGPERIODES VIR OPVOLGGEWASSE

- 'n Sekere tyd is nodig om te verloop tussen die toediening van **Hammer**[®] en die aanplant van opvolggewasse, om skade aan hierdie gewasse te voorkom.
- Die wagperiodes soos hieronder genoem, geld slegs indien:
 - Die standaard aanbevole dosis **Hammer**[®] vir die grondtipe toegedien was, en
 - Ten minste 350 mm goed verspreide reën en / of besproeiing is nodig, om 'n redelike veld peuloes te verseker.
 - Hierdie reën of besproeiing moet plaasvind nadat **Hammer**[®] toegedien is en vóór die opvolggewas aangeplant is.
- Waar die hoër dosis vir *Tribulus terrestris* beheer gebruik is, moet die wagperiodes, soos in die tabel hieronder genoem, met 'n verdere 12 maande tot ten minste 20 maande verleng word, voordat 'n **Hammer**[®]-sensitiewe opvolggewas met relatiewe veiligheid geplant kan word.
- Die land moet altyd diep geploeg word voordat 'n opvolggewas geplant word.
- 'n Toetsaanplanting word nogtans aanbeveel.
- Kyk **TABEL 5** vir die keuse van mieliebasters.

GEWAS	WAGPERIODE
Droëbone, sojabone en grondbone.	Geen
Ander peulgewas (behalwe droëbone sojabone of grondboontjies)	10 maande
Koring	6 maande
Alle ander gewasse (sluit in springmielies & suikermielies)	24 maande
Mielies	20 maande Die volgende faktore, asook die inter-reaksie tussen die faktore, beïnvloed die nawerking van die produk, wat die wagperiode mag verkort. Raadpleeg die verskaffer vir verdere inligting. <ul style="list-style-type: none"> • Grondtipe • Reënval of besproeiing • Toedieningsdosis • Mieliebaster

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS VOORGESKRYF

Algemene inligting:

- **Hammer**[®] kan **VOOR-OPKOMS** of **NA-OPKOMS** van die gewas en die onkruid gespuit word.
- Dit is verkieslik dat 10 mm reën binne sewe dae na 'n voor-opkoms toediening val, sodat die produk in die bogrond ingewas kan word waar dit deur die wortels van ontkiemende onkruid opgeneem word.
- Verkorting van internodes en / of 'n tydelike vergeling van die gewas, mag sigbaar wees, veral as stortreën (meer as 15 mm in 1 uur) kort na toediening van **Hammer**[®] geval het. Hierdie simptome sal meer sigbaar wees indien die gewas onder fisiologiese stremming geplaas word as gevolg van omgewings- of uitermate warm toestande. Normale groei en voorkoms verskyn weer na een – twee weke. Gewasopbrings word nie beïnvloed nie.
- Indien droë weerstoestande vir 'n periode van sewe dae na toediening voortduur, mag onkruid ontkiem en ontwikkel. Waar dit gebeur, word aanbeveel dat 'n vlak bewerking (3 – 5 cm) met bv. 'n roltand-eg uitgevoer word om die onkruid te vernietig en die onkruidodder met die boonste grondlaag te meng. Indien swaar reën sou val kort na 'n na-opkoms toediening van **Hammer**[®], mag die werking van die bespuiting nie na wense wees nie en 'n soortgelyke vlak bewerking mag nodig wees.
- Indien swaar reën sou val op sandgronde, binne 'n paar dae na 'n voor-opkoms toediening, kan die produk oormatig loog wat tot swak onkruidbeheer kan lei.
- **Onkruid** sal ontkiem na die voor-opkoms toediening van **Hammer**[®], maar vatbare onkruid sal gou vergeling van die blare toon en groei sal staak. Die groeipunte van beide die bo-grondse dele en die wortels van vatbare onkruid, se groei staak binne twee tot drie dae na 'n na-opkomstoeidiening van **Hammer**[®]. Binne die volgende 10 – 14 dae word die onkruid geel, en dan na drie – vyf weke sal hulle óf doodgaan óf glad nie meer met die gewas kompeteer nie.

- Vir verhoogde beheer van onkruid, veral *Tagetes minuta*, moet 'n vlak tussen-ry skoffel van minder as 5 cm diep uitgevoer word, voordat die digte gewasblaremat oor die rye vorm. Verseker egter dat die bewerking nie te diep is wat latere onkruidbeheer nadelig sal beïnvloed nie.
- In 'n land waar 'n besondere hoë onkruidpopulasie voorkom, mag die beheer van veral laatseisoenonkruid nie na wense blyk te wees nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die digte onkruid- en gewasblaremat die spuitstof onderskep het en daar nie genoegsaam produk die grondoppervlak bereik het vir effektiewe nawerking en beheer van laat-ontkiemers nie.
- Verseker goeie benutting en bedekking van die onkruid, veral wanneer hulle saam met die gewas 'n digte blaremassa vorm.

Verenigbaarheid:

- **Hammer**® is verenigbaar met piretroïede, algemeen in gebruik soos **Fastac**® SC & EC (L4992 & L4991), asook met **Frontier**® **Optima** (L7011), **Butisan**® S (L2449), acetochlor, alachlor, metolachlor teen die aanbevole dosisse.
- **Hammer**® is verenigbaar met ammoniumsulfaat en 'n benatter / verspreider.
- **Hammer**® is nie verenigbaar met na-opkoms grasdoders nie, as gevolg van verskillende metodes van werking.
- Indien **Hammer**® in kombinasie met enige ander landboumiddel gebruik word, moet alle **WAARSKUWINGS, VOORSORMAATREËLS** en **GEBRUIKSAANWYSINGS** soos genoem op daardie etiket, nagekom word.

Menginstruksies:

- Maak die spuittenk driekwart vol met skoon water.
- Die gebruik van 'n geregistreerde buffer word aanbeveel, indien water met 'n hoë pH > 8 gebruik word vir toediening.
- Skud die **Hammer**® houër goed voor gebruik. Meet die benodigde volume **Hammer**® af en meng dit vooraf met minstens 10 ℓ water, voordat dit by die tenk gevoeg word. Indien enige ander produk met **Hammer**® gemeng word, moet die benodigde volume van hierdie produk op soortgelyke wyse eers vooraf gemeng word.
- Vul die spuittenk met water tot by die verlangde vlak terwyl daar voortdurend geroeer word om deeglike vermenging te verseker, alvorens daar met toediening begin word. Handhaaf roering gedurende toediening.
- Vir na-opkomsbespuiting moet ammoniumsulfaat en 'n benatter / verspreider in die spuittenk bygevoeg word. Die verlangde hoeveelheid van beide produkte moet vooraf eers met minstens 10 ℓ water gemeng word en dan by die spuittenk gevoeg word.
- Aangemaakte spuitmengsels moenie in die spuittenk gelaat word vir 'n onbepaalde tyd, bv. oornag, nie.

Bemestingsvlak van grond:

- Verseker dat die optimale bemestingsvlak vir die betrokke grondtipe en gewas verkry word (selfs in streke met relatiewe lae opbrengspotensiaal) deur vooraf die grond te laat analiseer en tekorte vroegetydig aan te vul,
- Dit geld veral wat die fosfaatvlak betref, waar die ideaal tussen 20 – 25 dpm is.

Vliegtuigtoediening:

Hammer® kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengselvolume van 30 ℓ per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** Die volgende aantal druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word:
- **Voor-opkoms:** 20 – 30 en **Na-opkoms:** 35 – 45 druppels per cm².
- **Druppelgrootte:** Die volgende druppelspektrum word aanbeveel:
- **Voor-opkoms:** VMD van 350 tot 400 mikron en **Na-opkoms:** VMD van 300 – 350 mikron. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 meter. Moenie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste maonlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die bineste 60 – 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihgrometer, moenie 8°C oorskry nie.

- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversietoestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en / of **hoë lugvogtoestande** (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Droëbone (*Phaseolus vulgaris* & *Phaseolus coccineus*)

(a) 'n Enkel VOOR-OPKOMSTOEDIENING, OF

(b) 'n Program VOOR-OPKOMS- gevolg deur 'n NA-OPKOMSTOEDIENING.

KLEI %	VOOR-OPKOMS-TOEDIENING	NA-OPKOMS OPVOLGBEHANDELING
	DOSIS / HA	DOSIS / HA
0 – 15	300 mℓ	'n "opvolgbehandeling" word nie op hierdie grondtipe aanbeveel nie
16 – 25	(a) 400 mℓ OF (b) 400 mℓ opgevolg deur	300 mℓ + 4 ℓ/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.
26** – 30	(a) 500 mℓ OF (b) 400 mℓ opgevolg deur	300 mℓ + 4 ℓ/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.

** Wanneer 'n na-opkomsbehandeling met **Hammer®** beplan word op gronde met meer as 26% klei, moet nie meer as 400 mℓ/ha as 'n voor-opkomsbehandeling, toegedien word nie.

OPMERKINGS	OPMERKINGS
<p>Dien Hammer® as 'n voor-opkomsbehandeling toe (op gewas en onkruid) op 'n goed voorbereide saadbed sonder kluitte en wat 'n gelyk oppervlak het.</p> <p>Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse: Dien die voorgeskrewe toedieningsdosis met 'n geskikte toediener in minstens 200 ℓ water/ha as 'n breedwerpige behandeling toe. Dien gedurende of kort na die plantproses toe.</p> <p>Vir verhoogde grasbeheer kan Hammer® met die volgende gemeng word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Geregistreerde voor-opkoms- grasonkruidodder teen die voorgeskrewe dosis <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stomp® (L1686) kan toegedien en ingewerk word (slegs dosis vir grasbeheer) voor Hammer® toediening teen die dosisse soos hierbo aangegee. <p>Kyk TABELLE: 1 en 2 hieronder, vir die lys van onkruid wat deur Hammer® beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.</p>	<p>Die "opvolgbehandeling"</p> <p>Vir verbeterde laatseisoen breëblaaronkruidbeheer (veral <i>Tagetes minuta</i>), moet 'n opvolgbehandeling toegedien word, ná die voor-opkomsbespuiting van Hammer®.</p> <p>Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse:</p> <p>Dien die voorgeskrewe Hammer® toedieningsdosis met 'n geskikte toediener in ten minste 200 ℓ water/ha, as 'n breedwerpige behandeling, toe. Dien in 'n tenkmengsel met 4 ℓ/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider toe. Dien toe 2 – 3 weke ná die voor-opkomsbehandeling van Hammer®.</p> <p>Hierdie na-opkomstoediening, kan op slegs die volgende droëboonkultivars: PAN 148, Kransop, Sabie, Helderberg, Teebus en Kamberg, gespuit word.</p> <p>WAARSKUWING: Gewasse met diggeplante rye (met 'n hoë plantpopulasie) sal spuitdruppels onderskep. Dit sal 'n verlaagde druppel-opvangs op die onkruid en op die grond teweegbring en mag swak beheer tot gevolg hê. Korrek geplaasde valarmspuitneuse sal die probleem beperk.</p> <p>Kyk TABELLE: 3 en 4 hieronder vir die lys van onkruid wat deur Hammer® beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.</p>
<p>Lugtoediening: Dien, soos by Grondtoediening, in ten minste 35 ℓ water/ha toe. Kyk na Lugtoediening onder GEBRUIKSAANWYSINGS hierbo.</p> <p>Let wel: Toedieningsaanbevelings vir voor- en na-opkomsbehandelings verskil afhangende van klimaatstoestande.</p>	

Grondbone

a) 'n Enkel VOOR-OPKOMSTOEDIENING, OF

b) 'n Enkel NA-OPKOMSTOEDIENING. [’n Opvolgbehandeling word nie aanbeveel nie].

KLEI %	VOOR-OPKOMS	NA-OPKOMS
	DOSIS / HA	DOSIS / HA
0 – 15	300 mℓ	Nie aanbeveel nie
16 – 25	400 mℓ	Nie aanbeveel nie
	----	700 mℓ + 4 ℓ/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.
26 – 30	500 mℓ	Nie aanbeveel nie
	-----	700 mℓ + 4 ℓ/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.

• **Hammer**® word toegedien as óf 'n voor-opkoms- of 'n na-opkomsbehandeling.
• 'n Opvolgbehandeling, soortgelyk aan droëbone en sojabone, word nie aanbeveel nie. .

OPMERKINGS	OPMERKINGS
<p>Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse: Dien die voorgeskrewe toedieningsdosis met 'n geskikte grondtoediener in minstens 200 ℓ water/ha, as 'n breedwerpige behandeling, toe. Dien gedurende, of kort na die plantproses, toe.</p> <p>In lande waar <i>Tribulus terrestris</i> 'n probleem is, moet voor-opkomstoediening van 450 – 500 mℓ/ha gebruik word. Hierdie hoër dosis mag egter veroorsaak dat Hammer® langer in ligter gronde aktief bly (waar oordraging na die volgende seisoen moontlik is).</p> <p>Vir verhoogde grasbeheer kan Hammer® met die volgende gemeng word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Geregistreeerde voor-opkoms grasonkruidodder, teen die voorgeskrewe dosis. <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stomp® kan toegedien en ingewerk word (slegs dosis vir grasbeheer) voor Hammer® toediening teen die dosisse soos hierbo aangegee. <p>Kyk TABELLE: 1 en 2 hieronder vir die lys van onkruid wat deur Hammer® beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.</p>	<p>Hammer® kan as 'n na-opkomsbehandeling gespuit word, waar omstandighede verhoed het dat dit as 'n voor-opkomsbespuiting, toegedien is. Dien 14 – 25 dae na aanplant toe. Dit is wanneer die onkruid gewoonlik 3 – 6 cm hoog (1 – 3 blaarstadium), is.</p> <p>Hammer® moet toegedien word, nadat 'n geregistreeerde voor-opkomsgrasdoder toegedien is.</p> <p>Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse: Dien die voorgeskrewe toedieningsdosis van Hammer® met 'n geskikte toediener in minstens 200 ℓ water/ha toe as 'n breedwerpige behandeling, met 4 ℓ/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.</p> <p>WAARSKUWING: Diggeplante rye met 'n hoë plantpopulasie sal spuitdruppels onderskep. Dit sal 'n verlaagde druppelopvangs op die onkruid en op die grond teweegbring en mag swak beheer tot gevolg hê. Korrek geplaasde valarmspuitneuse sal die probleem beperk.</p> <p>Kyk TABELLE: 3 en 4 hieronder vir die lys van onkruid wat deur Hammer® beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.</p>

Lugtoediening: Dien, soos by **Grondtoediening**, in ten minste 35 ℓ water/ha toe. Kyk na **Lugtoediening** onder **GEBRUIKSAANWYSINGS** hierbo.
Let wel: Toedieningsaanbevelings vir voor- en na-opkomsbehandelings verskil afhange van klimaatstoestand.

Sojabone

- (a) 'n Enkel VOOR-OPKOMSTOEDIENING, OF
(b) 'n Program VOOR-OPKOMS- gevolg deur 'n NA-OPKOMSTOEDIENING OF
(c) 'n Enkel NA-OPKOMSTOEDIENING.

KLEI %	VOOR-OPKOMS-TOEDIENING	NA-OPKOMS OPVOLGTOEDIENING	NA-OPKOMSTOEDIENING
	DOSIS / HA	DOSIS / HA	DOSIS / HA
0 – 15	300 ml	'n "opvolgbehandeling" word nie op hierdie grondtipe aanbeveel nie'	Nie aanbeveel nie
16 – 25	(a) 400 ml OF (b) 400 ml opgevolg deur	300 ml + 4 l/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.	700 ml + 4 l/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.
26** – 30	(a) 500 ml OF (b) 400 ml opgevolg deur	300 ml + 4 l/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.	700 ml + 4 l/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider.
** Wanneer 'n na-opkomsbehandeling met Hammer [®] beplan word op gronde met meer as 26% klei, moet nie meer as 400 ml/ha as 'n voor-opkomsbehandeling toegedien word nie.			OPMERKINGS
OPMERKINGS Dien Hammer [®] as 'n voor-opkomsbehandeling toe (op gewas en onkruid) op 'n goed voorbereide saadbed sonder kluitte en wat 'n gelyk oppervlak het. Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse: Dien die voorgeskrewe toedieningsdosis met 'n geskikte toediener in minstens 200 l water/ha, as 'n breedwerpig behandeling toe. Dien gedurende of kort na die plantproses toe. Vir verhoogde grasbeheer kan Hammer [®] met die volgende gemeng word: • 'n Geregistreerde voor-opkoms-grasonkruidodder teen die voorgeskrewe dosis. OF • Stomp [®] kan toegedien en ingewerk word (slegs dosis vir grasbeheer) voor Hammer [®] toediening teen die dosisse soos hierbo aangegee. Kyk TABELLE 1 en 2 hieronder vir die lys van onkruid wat deur Hammer [®] beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.		OPMERKINGS Vir verbeterde laatseisoen breëblaaronkruidbeheer (veral <i>Tagetes minuta</i>) moet 'n opvolgbehandeling toegedien word ná die voor-opkomsbespuiting van Hammer [®] . Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse: Dien die voorgeskrewe Hammer [®] toedieningsdosis met 'n geskikte toediener in ten minste 200 l water/ha, as 'n breedwerpig behandeling, toe. Dien in 'n tenkingsel met 4 l/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider toe. Dien hierdie behandeling 14 – 25 dae ná die voor-opkomsbehandeling van Hammer [®] toe. Hierdie na-opkomstoediening, kan op alle sojaboontkultivars, behalwe PAN 717, gespuit word. WAARSKUWING: Gewasse met diggeplante rye (met 'n hoë plantpopulasie) sal spuitdruppels onderskep. Dit sal 'n verlaagde druppel-opvangs op die onkruid en op die grond teweegbring en mag swak beheer tot gevolg hê. Korrek geplaasde valarmspuitneuse sal die probleem beperk. Kyk TABELLE: 3 en 4 hieronder vir die lys van onkruid wat deur Hammer [®] beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.	OPMERKINGS Hammer [®] kan as 'n na-opkomsbehandeling gespuit word waar omstandighede verhoed het dat 'n voor-opkomsbespuiting gedoen is. Dien 14 – 25 dae na aanplant toe. Dit is wanneer die onkruid gewoonlik 3 – 6 cm hoog (1 – 3 blaarstadium) is. Grondtoediening: Met spuitbalk en spuitneuse: Dien die voorgeskrewe toedieningsdosis van Hammer [®] met 'n geskikte toediener in minstens 200 l water/ha toe as 'n breedwerpig behandeling, met 4 l/ha van 'n vloeibare (50%) hoë kwaliteit ammoniumsulfaat + 'n benatter/verspreider. Hammer [®] moet toegedien word nadat 'n geregistreerde voor-opkomsgrasonkruidodder toegedien is. WAARSKUWING: Diggeplante rye met 'n hoë plantpopulasie sal spuitdruppels onderskep. Dit sal 'n verlaagde druppel-opvangs op die onkruid en op die grond teweegbring en mag swak beheer tot gevolg hê. Kyk TABELLE 3 en 4 hieronder vir die lys van onkruid wat deur Hammer [®] beheer word wanneer op hierdie manier toegedien.
Lugtoediening: Dien, soos by Grondtoediening , in ten minste 35 l water/ha, toe. Kyk na Lugtoediening onder GEBRUIKSAANWYSINGS hierbo. Let wel: Toedieningsaanbevelings vir voor- en na-opkomsbehandelings verskil afhangende van klimaatstoestand.			

TABEL 1: ONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR Hammer® BEHEER WORD.

<i>Acanthospermum hispidum</i>	Regopsterklits	<i>Amaranthus thunbergii</i>	Roomisbredie
<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie	<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie		

TABEL 2: INDIEN NET Hammer® GEBRUIK WORD, WORD WISSELVALLIGE BEHEER (75% – 80%) VAN DIE VOLGENDE ONKRUIDE VERKRY

<i>Commelina benghalensis</i>	Wandelende jood	<i>Galinsoa parviflora</i>	Knopkruid
<i>Cyperus esculetus</i>	Geeluintjie	<i>Portulaca oleracea</i>	Gewone porstein
<i>Cyperus rotundus</i>	Rooiuintjie	<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos
<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar	<i>Tribulus terrestris*</i> (1)	Gewone dubbeltjie
<i>Datura stramonium</i>	Gewone stinkblaar	<i>Xanthium strumarium</i>	Kankerroos

• Indien **Hammer®** egter in kombinasie met **Butisan® S**, asetochlor, alachlor, **Frontier® Optima**, **Stomp®** of metolachlor as 'n tenkmengsel of splittoediening gebruik word, sal die beheer van bogenoemde onkruid verbeter word. Verwys ook na die betrokke produketiket vir die onkruid beheer deur daardie produk.

(1) In lande waar *Tribulus terrestris* 'n probleem is, kan 'n dosis van ten minste 450 ml/ha as 'n voor-opkomsbehandeling toegedien word, ongeag die grondtipe en meer as 80% beheer kan dan verwag word. Onder hierdie hoër toedieningsdosis kan **Hammer®** langer aktief bly in sekere grondtipes en derhalwe oordra na die volgende seisoen, wat die wagperiodes vir die aanplant van opvolggewasse sal beïnvloed. Verwys na **GEBRUIKSBEPERKINGS** hierbo.

TABEL 3: ONKRUIDE DEUR Hammer® BEHEER (NA-OPKOMSTOEDIENING) WANNEER 'n GEREGISTREERDE VOOR-OPKOMSGRASDODER VOORAF TOEGEDIEN IS (WAT 'n Hammer® VOOR-OPKOMSBEHANDELING INSLUIT).

WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM	WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Acanthospermum australe</i>	Kruipsterklits (8-sadig)	<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Acanthospermum glabratum</i>	Kruipsterklits (5-sadig)	<i>Datura stramonium</i>	Gewone stinkblaar
<i>Acanthospermum hispidum</i>	Regopsterklits	<i>Flaveria bidentis</i>	Smeltersbossie
<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie	<i>Galinsoa parviflora</i>	Knopkruid
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie	<i>Nicandra physaloides</i>	Basterappelliefie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Roomisbredie	<i>Physalis angulata</i>	Wilde appelliefie
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie	<i>Tagetes minuta</i> "	Kakiebos
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie	<i>Triumfetta annua</i>	Klitse
<i>Commelina benghalensis</i>	Wandelende Jood	<i>Xanthium strumarium</i>	Kankerroos

#1 =Net onkruid wat ontkiem en bo-kant die grond verskyn het, sal beheer word – saailinge wat ontkiem ná toediening sal net 60 – 70% beheer word.

TABEL 4: WISSELVALLIGE BEHEER VAN DIE VOLGENDE ONKRUIDE SAL VERKRY WORD AS Hammer® ALLEEN TOEGEDIEN WORD (NA-OPKOMS).

WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM	VLAK VAN BEHEER	WETENSKAPLIKE NAAM	GEWONE NAAM	VLAK VAN BEHEER
<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel	tot 70%	<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie	tot 70%
<i>Bidens formosa</i>	Kosmos	tot 70%	<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde	tot 70%
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie	tot 80%	<i>Panicum schinzii</i> ²	Vleibuffelsgras	tot 90%
<i>Cyperus rotundus</i>	Rooiuintjie	tot 80%	<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein	tot 70%
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisingergras	75 – 90%	<i>Rottboelia exaltata</i>	Tarentaalgras	70 – 85%
<i>Echinochloa colona</i>	Moerasgras	75 – 80%	<i>Schkuhria pinnata</i>	Klein kakiebos	80 – 90%
<i>Echinochloa crus-galli</i>	Hanepootmanna	75 – 80%	<i>Sorghum halepense</i>	Johnsongras	tot 80%
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras	tot 70%	<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie	tot 70%
<i>Eragrostis curvula</i>	Blousaadgras	tot 70%	<i>Zea mais</i> ²	Opslagmielies	tot 99%

#2 = Plante verkleur pers, binne 2 – 3 weke, maar neem langer as meeste ander onkruid, om dood te gaan – minimum 4 – 5 weke.

#3 = Mieliebasters wat tolerant is, sal nie beheer word nie. Kontak die verskaffer oor inligting aangaande tolerante basters.

TABEL 5: RIGLYNE VIR DIE KEUSE VAN MIELIEBASTERS SOOS GETOETS VIR AANPLANTING NA DIE TOEDIENING VAN Hammer® IN DIE WES VRYSTAAT, WESTELIKE NOORD-WES PROVINSIE EN DIE NOORDELIKE NOORDKAAP PROVINSIE

OPMERKINGS		MIELIEBASTERS NR / NAAM
A	<p>GEEN WAGPERIODE NIE</p> <p>Raadpleeg u saadverskaffer oor Clearfield® kultivars wat in u streek beskikbaar is.</p> <p>Hierdie groep kan ook geplant word waar Hammer® die vorige seisoen in lande toegedien was waar grondboontjie-, soja- of droëbone geplant was en in distrikte waar 'n droë seisoen, of baie lae reënval, ondervind was, bv. minder as 350 mm reën. Hierdie groep kan ook onmiddellik geplant word in dieselfde seisoen as wat Hammer® toegedien was, bv. waar wind nuwe grondboontjieaanplantings bedek of beskadig het.</p>	<p>Alle Clearfield® mieliebasters</p>
B	<p>10 MAANDE WAGPERIODE</p> <p>Waar die vorige seisoen die aanbevole hoër dosis van 450 – 500 ml/ha Hammer®, vir Tribulus terrestris beheer, toegedien was.</p> <p>Hierdie groep mieliebasters wat semi-tolerant is vir die Imidazolinone-onkruidodders, kan geplant word waar in die vorige seisoen 'n gemiddelde, of bogemiddelde reënval voorgekom het. Plant egter slegs Clearfield® kultivars soos aanbeveel in afdeling A hierbo, waar minder as die gemiddelde reënval, of veral minder as 350 mm, die vorige seisoen voorgekom het.</p>	<p>PHB 30H22</p> <p>PHB 3394</p> <p>PHB 35A19</p> <p>CRN 3549</p>

OPMERKINGS		MIELIEBASTERS NR / NAAM
C	<p>10 MAANDE WAGPERIODE</p> <p>Waar die standaard geregistreerde dosis van Hammer® vir die grondtipe die vorige seisoen toegedien was.</p> <p>Hierdie tweede groep semi-tolerante mieliebasters kan geplant word slegs waar die gemiddelde reënval, of meer, die vorige seisoen voorgekom het. Waar minder as die gemiddelde reënval die vorige seisoen voorgekom het, mag slegs die mieliebasters wat in afdelings A en B genoem word, gebruik word. Indien minder as 350 mm reën gedurende die vorige seisoen geval het, mag slegs Clearfield® kultivars gebruik word soos in afdeling A aangedui.</p>	<p>CRN 3414 CRN 3505 CRN 3604 CRN 3631 CRN 3760 CRN 3891 CRN 4502 Goldfinger Highflyer LS 8503 PAN 6146 PAN 6233 PAN 6364 PHB 30D05 PHB 30T43 PHB 3203 PHB 32K39 PHB 32K61 SC 707 SNK 2147 SNK 2401 SNK 2640 SNK 2776 SNK 2860 Woodriver</p>
D	<p>'n Minimum wagperiode van 20 maande word aanbeveel in die produksiegebiede van die Wes Vrystaat, westelike Noord-Wes Provinsie, en die noordelike Noord-Kaap Provinsie, vir alle mieliebasters wat nie hierbo gelys is nie. 'n Toetsaanplanting word nogtans aanbeveel. Indien daar enige twyfel bestaan, moet 'n geelmielebaster eerder as 'n witmielebaster gebruik word.</p>	

Fastac® EC, Fastac® SC, Butisan® S, Frontier® Optima, Clearfield® en Stomp® is Geregistreerde Handelsmerke van BASF.

BASF
We create chemistry

Hammer®

Reg. No. L5201

Act No. 36 of 1947

**READ ATTACHED PACKAGE OR LEAFLET BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP	2	HERBICIDE
-------	---	-----------

A water soluble herbicide, for the control of annual broadleaf weeds in dry beans, soya beans and groundnuts.

'n Vloeistofkonsentraatonkruiddoder, vir die beheer van sekere eenjarige breëblaaronkruidе in droëbone, sojabone en grondbone.

Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

If medical advice is needed, have product container or label at hand.

Dispose of contents and container to hazardous or special waste collection point.

Active ingredients / Aktiewe bestanddele:

Imazethapyr (imidazolinone).....100 g/l

Registered by:

BASF South Africa (Pty) Ltd
Co. Reg. No. 66/10235/07
852 Sixteenth Road
P.O. Box 2801
Halfway House 1685
+27 11 203 2400

Geregistreeur deur:

BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk
Mpy Reg. Nr 66/10235/07
852 Sestiende Laan
Posbus 2801
Halfweghuis 1685
+27 11 203 2400

WARNING



Batch No. & Date manufactured: Refer to details printed on container
Lotnummer & Datum vervaardig: Verwys na besonderhede gedruk op houer

UN-No. / VN-Nr: 3082

EMERGENCY NUMBER / NOODNOMMER: +27 82 446 8946

10 l

© = Registered trademark of BASF / Geregistreeerde handelsmerk van BASF

